

AFDELING D.

INDIËR-ONDERWYS IN TRANSVAAL, 1912-1940.

SEKTARIESE STAATSKOLE.

(TRANSVAAL 1912-1931).

1. INLEIDING:

In 1912 het die eerste voorstel in Transvaal van die kant van die Indiërs gekom om 'n aparte skool vir hulle kinders op te rig. Voorheen het die meerderheid van die Johannesburgse Indiërkinders die Burghersdorpse kleurlingskool besoek. Toe die Newtownse skoolgebou beskikbaar geword het en die blanke kinders van die Markstraat-skool daarheen oorgeplaas is, is besluit om die kleurlingkinders van Burghersdorp en Pollystraat na die Markstraat-gebou oor te plaas. Dit was veral noodsaaklik as gevolg van die uiters onbevredigende geboue te Burghersdorp en Pollystraat.

Een gevolg hiervan was egter dat selfs die gedeeltelike segregasie van die Indiërkinders wat daar te Burghersdorp bestaan het, verdwyn het en "they were merged with the other coloured pupils, mainly European⁽¹⁾ Africans." Verskille van taal, godsdiens en nasionaliteit het dan ook gelei na voorstelle van die Indiërgemeenskap vir die oprigting van 'n aparte skool vir Indiërs.

Dit was duidelik 'n saak van beginsel, en indien daartoe sou oorgegaan word om 'n aparte skool vir Indiërs in die lewe te roep, kon heelwat aansoeke vir seksionele skole verwag word. Die skoolraad van die sentrale Witwatersrand het dan ook die versoek baie doeglik bespreek en uiteindelik besluit om dit aan te beveel. Die brief wat die sekretaris van die Raad aan 'n sekere Habib Motan, oor hierdie besluit gekryf het op 16 November 1912, word as bylae V, bladsy 351 hierby aangeheg.

Nadat die sekretaris verwys het na 'n onderhoud wat 'n komitee van sy Raad met Motan en sy vriende gehad het,

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys,

is die volgende as voorwaardes gestel:-

- (1) Dat Motan se komitee 'n geskikte gebou sal verskaf en 'n bevredigende waarborg vir die betaling van die huur en ander toevallige uitgawes soos vir water en sanitêre dienste.
- (2) Dat die Indiërs 'n komitee sal kies om toesig te hou oor die skool, geskikte onderwysers te kies en om die onderwysers se salarisse aan te beveel.
- (3) Dat die personeel sal bestaan uit 'n blanke hoof wat ook as superintendent sal optree, en manlike Indiër-assistente.
- (4) Dat die staat 'n toelae sal gee wat net soveel sal wees as die totale salarisse van die onderwysers.
- (5) Dat die staat die meubels en uitrusting sal verskaf en ook die voorregte wat staatskole geniet nl. boeke, materiaal en 'n skoonmaaktoelae.

Die skool moes verder toeganklik wees vir die kinders van elke deel van die Indiërgemeenskap, afgesien van ras, taal of godsdiens. "The Gujerati language may be taught as a language and used as a medium of instruction!"⁽¹⁾

Uiteindelik het die Uitvoerende Komitee besluit om toe te gee aan die versoek van die Indiërs en 'n aparte skool is ge-open aan die begin van 1913.⁽²⁾

Hierdie skool het in 1913 'n gemiddelde inskrywing van 136 en 'n gemiddelde skoolbesoek van 120 gehad.⁽³⁾ Die getalle het gegroei tot 246 aan die einde van 1919.⁽⁴⁾

In die eerste jare het die Indiërs 'n ondoeltreffende gebou gehuur maar in 1916 het hulle genoeg geld bymekaar gehad om 'n eie gebou op te rig.⁽⁵⁾ Die moeilikhede in verband met 'n plek waar die gebou opgerig kon word is egter eers in 1917 opgelos.⁽⁶⁾

Van die begin af is die Indiërskool in alle opsigte geklassifiseer as 'n Kleurlingskool en die reël in verband met die klassifikasie van sulke skole het bepaal dat hulle een graad laer geklassifiseer sal word as 'n

-
- (1) Bylae V; 351.
 - (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1912; 95.
 - (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1913; 298.
 - (4) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1919; 39.
 - (5) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1916; 84.
 - (6) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van

ooreenkomstige skool vir blanke kinders. Dit het beteken dat waar 'n skool met 400 blanke kinders as 'n klas I geklassifiseer is, 'n Indiërskool met eweveel kinders as 'n klas II geklassifiseer is. Hierdie reeling het gegeld al was die hoof ook 'n blanke. Die reel het sy oorsprong te danke gehad aan die feit dat alhoewel albei soorte skole dieselfde leerplan gevolg het, die standaard wat in die Kleurlingskole bereik is, baie laer was. (1)

In 'n brief aan die onderwysdepartement, aangehaal deur Kichlu, (2) het die sekretaris van die Pretoriase skoolraad op 11 Junie 1926 meegedeel dat die eerste skool vir Indiërs in Pretoria in 1914 ge-open is. Die betrokke paragraaf in sy brief lui soos volg: "Indian children used to attend the Marabastad Coloured school. Then in 1914 the establishment of an Indian school was authorised which was attended by one section (Islamic), and in January 1921 the opening of a second Indian school (Tamil Vedic) was approved.

The two schools were authorised by the authorities for religious reasons"

Volgens die Direkteur se verslag vir 1920 blyk dit egter dat die Tamil Vedic-skool reeds in 1920 'n inskrywing van 72 gehad het. Hierdie skool is dus in 1920 en nie in 1921, soos die sekretaris beweer het, opgerig nie. (3)

2. VERMEERDERING VAN DIE AANTAL SKOLE EN LEERLINGE.

Die groei van die aantal skole en leerlinge in hierdie periode kan ons soos volg saamvat:

TABEL 91.

Aantal skole en leerlinge, 1922-1931. (Transvaal).		
	Skole	Leerlinge.
1922	4	558
1925	6	609
1928	12	988
1931	15	1637

Die aantal skole en leerlinge het dus baie toegeneem

- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1916; 44.
 (2) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 25.
 (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1920; CLXX.

Daar dien egter op gewys te word dat al hierdie leerlinge nie Indiërs was nie, aangesien daar 'n paar skole was waar Kleurlingkinders ook toegelaat is. Aan die ander kant was daar ook kleurlingskole waar Indiërskinders toegelaat is.

Die twee sektariese skole in Pretoria het gelei na 'n versoek van die Memon Mohammedaanse groep vir die oprigting van 'n derde skool. Hulle het £1500 ingesamel vir 'n soortgelyke skool in Prinsloostraat. As rede vir hulle aansoek het hulle beweer dat hulle gemeenskap te ver van die lokasie af woon. Kichlu, daarteen, het daarop gewys dat die regte rede was dat hulle 'n aparte sektariese skool wou hê. Die departement het geweier omdat daar reeds twee klein skooltjies bestaan het. Daar was trouens maar net 40 Memon kinders. (1)

In sy memorandum het Kichlu een groot nie-sektariese skool in Pretoria aanbeveel. In hierdie verband het hy o.a. gesê: "It is a question for consideration whether government schools which are public institutions, should be established on a narrow sectarian basis!" (2) Die twee skole in Pretoria het in 1929 ge-amalgameer. (3)

Die volgende was die inskrywing volgens standerds in 1927, 1930 en 1931:

TABEL 92.

Inskrywing volgens standerds 1927, 1930, 1931. (Transvaal)

	Aantal Leerlinge			Persentasie.		
	1927	1930	1931	1927	1930	1931.
Graad I		542	454		34.1	27.7
II	475	234	260	47.1	14.7	15.9
Standaard I	210	297	382	20.8	18.7	23.3
II	137	226	206	13.6	14.2	12.6
III	86	151	159	8.5	9.5	9.7
IV	67	69	107	6.6	4.3	6.5
V	21	41	42	2.1	2.7	2.6
VI	13	29	27	1.3	1.8	1.7
	1009	1589	1637	100	100	100
	(4)					(5)

(1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in the Transvaal; 7.

(2) t.a.p.; 6-7.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1929; 182.

(4) Kichlu: Memorandum on Indian Education in the Transvaal; 2.

(5) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1931; 26.

Alhoewel daar nog besonder baie leerlinge in die grade was, was die verspreiding in 1931 al baie meer reëlmatig as in 1927. Die 210 leerlinge wat in 1927 in standerd I was moes in 1931 in standerd V gewees het en ons vind in 1931 net 42 leerlinge in standerd V. Daar het dus 168 leerlinge verdwyn. (d.i. 80%) Van die 137 in standerd II in 1927 vind ons net 27 in standerd VI in 1931. (d.i. 19.7%) Uitsakking was dus 'n uitstaande kenmerk.

Min meisies het die skool besoek en die meeste hiervan was in die grade. So was 160 uit 'n totaal van 243 in 1927 in die grade. (d.i. 65.8%). Net 1 was in standerd VI (d.i. .4%)⁽¹⁾

3. SWAK KWALIFIKASIES VAN ONDERWYSERS EN EERSTE POGINGS OM ONDERWYSERS OP TE LEI EN TE BESOLDIG.

a. Pogings om onderwysers se kwalifikasies te verbeter.

Voor 1919 is daar geen voorsiening gemaak vir die opleiding van Indiër-onderwysers nie. Die gevolg was dat onderwysers waar moontlik van ander provinsies ingevoer moes word en veral van oorsee. In 1917 het die Direkteur in hierdie verband opgemerk: "The supply of Indian Teachers has been the great difficulty, but with the assistance of the Immigration Department this has, for the time being, been overcome!"⁽²⁾

In 1917 het die departement 'n aansoek ontvang vir 'n skool waarin Kleurlinge 'n na-primêre kursus kon volg en waar daar tegelykertyd voorsiening gemaak sou word vir die opleiding van Kleurlingonderwysers.⁽³⁾

'n Sekondêre afdeling met die tweerlei doel soos in die versoekskrif vervat, is in 1918 goedgekeur⁽⁴⁾ en het in 1919 'n aanvang geneem.⁽⁵⁾ Hierdie afdeling was verbonde aan die Vrededorpsø Kleurlingskool en het ook aan Indiërs toegang verleen. In 1919 was daar 10 studente⁽⁶⁾ en in 1920 het die getal gegroei tot 69.⁽⁷⁾

(1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 2.

(2) Transvaal: Annual Report of the Director of Education, 1917; 82.

(3) t.a.p.; 82.

(4) Tvl: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1918; 49-50. (5) Tvl: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1919; 35. (6) t.a.p.: 39. (7) Tvl: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys. 1920. 77.

In 1924 is met die toestemming van die Kaapse Onderwysdepartement besluit dat die Kleurlingonderwysers in Transvaal die Kaapse Onderwyserseksamens kon skrywe. Die Superintendent-generaal van Onderwys en die inspekteur van Opleidingskole in die Kaap-provinsie het vir die doel oorgekom na Johannesburg om advies te gee en om te help met die organisasie van die kursusse. (1) Die opleiding het drie jaar na standerd VI geduur en die sertifikaat aan suksesvolle kandidate uitgereik was nie die Kaapse sertifikaat nie, maar die Transvaalse Kleurling derde klas sertifikaat. (2)

In die begin van 1927 het die opleidingsklasse in Vrededorp die eerste kandidate gelewer vir die Kaapse eksamens en die volgende was die uitslae:

3e jaar (20 kandidate) - 2 Eerste klasse en 7 tweede klasse.
 2e jaar {12 " } - 12 geslaag.
 1ste jaar {33 " } - 9 geslaag. (3)

'n Onderzoek van die kwalifikasies van 'n aantal onderwysers in 1928 het ge-openbaar dat sommige nie alleen geen kwalifikasies besit het nie, maar geheel-en-al onbekwaam was om enige vak in die departementele leerplan te onderwys. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- (1) 'n Hoof van 'n skool het geen erkende kwalifikasies besit nie en ook geen Engels geken nie. Hy het net Arabies en Urdoe onderwys. Van hom het Kichlu gesê: "His salaries is not a legitimate charge on public revenues!"
- (2) 'n Assistent wat £100 per jaar ontvang het en beweer het dat hy by 'n privaat onderwyser in Transvaal tot by standerd III geleer het. Hy kon egter nie die naam en kwalifikasies van sy leermeester noem nie. Hy het op aandrang van die een of ander privaat Mohammedaanse liggaam in 1921 na Transvaal gekom, maar het sedert sy aankoms nog nooit as godsdiens-onderwyser opgetree nie. Hy het ook nog altyd naure tydelike werk in winkels gedoen.

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1924; 25.
 (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1933; 21.
 (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 20-21.

- (3) 'n Derde Onderwyser het beweer dat hy in standerd II in die Verulamskool, Natal, geslaag het toe hy 9 jaar oud was. Hy het nie Engels geken nie en was onbekwaam om die vakke van die leerplan te onderwys. Hy het net onderwys gegee in Tamil en Hindoe-godsdiens. (1)

Die volgende was die kwalifikasies van 23 onderwysers:

(a) Akademie se kwalifikasies:

Geen bewys dat hulle die volle laerskool kursus voltooi het	-	10
Bewys dat laerskoolkursus voltooi is, maar nie middelbare kursus	-	8
Matriek	-	1
Intermediër. (Bombaaiese Universiteit)	-	2
Graad. (" ")	-	2
		<u>23</u>

(b) Professionele kwalifikasies:

In besit van 'n sertifikaat.	-	3
'n Mate van Opleiding.	-	2
Geen kwalifikasies.	-	18
		<u>23</u> (2)

In 1931 is nog geklae "dat daar baie min gekleurde onderwysers is wat ver genoeg gevorderd is om hulle met eer van hul taak te kwyf!" Ook is aanbeveel dat dit nie wenslik was om blankes en Kleurlinge as assistente op dieselfde personeel aan te stel nie. (3)

b. Wisselende Salarisskale:

'n Salarisskaal vir Indiër- en Kleurlingonderwysers is vir die eerste keer in 1916 bespreek en daar is besluit om die volgende skale in te voer:

	<u>Onderwysers.</u>	<u>Onderwyseresse.</u>
Hoër Graad.	£120-£5-£140.	£90-£5-£110.
Laer Graad.	£100-£5-£120.	£70-£5-£90.

Die kwalifikasie vir die hoër graad sou wees die Transvaalse onderwysers derde klas sertifikaat, (03), of 'n gelykstaande sertifikaat. Vir die laer graad is

(1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 13.

(2) t.a.p.: 34.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1931; 88.

enige sertifikaat wat laer staan, vereis. Onderwysers sonder 'n sertifikaat sou betaal word volgens hulle ouderdom en omstandighede. Hierdie reeling was van toepassing op hoofde van kleiner skole en assistente, maar as 'n Kleurling (Indiër) aangestel sou word as hoof van 'n groot skool, sou 'n hoër graad geregverdig wees. Elke geval sou dan apart oorweeg word.

Die toelating van Kleurling- en Indiër-onderwysers tot die vaste staf as hulle die nodige kwalifikasies besit, is toe ook goedgekeur. Hulle sou dan ook die reg hê om deel te neem aan die pensioenskema. (1)

Omdat beweer is dat bogenoemde salarisskaal te laag was, is dit weer in 1917 vir oorweging na die Uitvoerende Komitee verwys. (2) 'n Onderwyskommissie wat die saak deeglik oorweeg het het toe die volgende salarisskaal vir "nie-europese onderwysers anderster dan Naturelle onderwysers" aanbeveel. (Hierdie skaal het in werking getree op 1 Julie 1919):-

Onderwysers:	Hoër Graad.	£180-£6-£210.
	Laer Graad.	£150-£6-£180.
Onderwyseresse:	Hoër Graad.	£150-£6-£180.
	Laer Graad.	£120-£6-£150.
Sonder kwalifikasies:		£100 per jaar. (3)

Blanke onderwysers het egter vertoë gerig in verband met salarisverhogings (4) en toe is 'n nuwe skaal opgestel waaruit die Indiërs ook heelwat voordeel getrek het. Die volgende is die nuwe skaal wat op 1 Oktober 1920 in werking getree het:

Onderwysers:	Hoër Graad.	£224-£6-£254.
	Laer Graad.	£194-£6-£224.
Onderwyseresse:	Hoër Graad.	£194-£6-£224.
	Laer Graad.	£164-£6-£194.
Sonder kwalifikasies:		£144. (5)

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1916; 45.

(2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1917; 82.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1920; 35.

(4) t.ap.: 36.

(5) t.a.p.: 41.

In die geval van blanke onderwysers wat in hierdie skole werksaam was, is dieselfde salarisse betaal wat hulle kollegas in skole vir blanke kinders ontvang het. (1) Hoofde is egter net eenklas laer gegradeer as wat die geval was in 'n blanke skool met 'n ooreenkomstige (2) inskrywing.

In 1925 is die salarisse van Indiër-onderwysers weer verander en wel soos volg:-

	Onderwysers.	Onderwyseresse.
03	£172-£6-£250.	£145-£6-£205.
Kaapse 03 Senior.	£148-£6-£232.	£127-£6-£181.
Kaapse 03 Junior.	£130-£6-£220.	£115-£6-£169. (3)

Hierdie skaal is laer as die vorige een en gegradeer onderwysers ook nie meer as hoër - en laergraad nie. Ook is die salaris van onopgeleide onderwysers nie vas-gestel nie.

4. DIE INHOUD VAN DIE ONDERWYS EN VERWANTE PROBLEME.

a. Die insluiting van die Indiërgodsdienste en -tale in die gewone skoolleerplan.

In die Islamic-skool, Pretoria, is Gujerati en Urdu asook Arabies en die Mohammedaanse godsdien gedurende die gewone skoolure onderwys. (4) Om dit moontlik ^{te} maak is een van die voorgeskrewe vakke uitgelaat. (5) In die Tamil Vedic-skool is Tamil en die Hindoe godsdien onderwys. (6) In Johannesburg is Gujerati en Tamil as vakke in die leerplan ingesluit. (7) Verder is die leerplan van skole vir blankes gevolg.

Inspekteurs het reeds in 1923 beswaar gemaak daarteen dat Kleurlingskole dieselfde vakke neem as blanke skole. Hulle het veral daarop gewys dat die behoeftes van die Kleurlingkinders nie dieselfde is as die van blanke kinders nie. Hulle het dan ook aanbeveel dat Kleurling-

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1920; 65.

(2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1917; 81.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1925; 36.

(4) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal: 5.

(5) t.a.p.: 31.

(6) t.a.p.: 6.

(7) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1917; 82.

kinders 'n baie meer praktiese onderwys moes ontvang waarin handwerk 'n essensiële vak vir die seuns moes wees. (1) Die kode vir skole vir blankes is ook as te moeilik beskou vir Kleurlingkinders. (2)

Die insluiting van Indiërgodsdienste en Indiër-tale in die gewone skoolleerplan is sterk veroordeel deur Kichlu. Hy het verwys na die Transvaalse Onderwyswette wat in hoofstuk VII bepaal dat geen leer of dogma aan enige kerk of sekte eie, in enige publieke skole mag onderwys word nie. Seksie II van hoofstuk VI van die onderwyswette erken net twee offisiële tale (Engels en Afrikaans) in die leerplan en van geen Indiërtale word melding gemaak nie. Daar was ook geen regulasies wat Indiërs van seksie II van hoofstuk VI vrygestel het nie. (3)

Kort na Kichlu se memorandum is die Indiër-godsdienste en die Indiërtale dan ook in die gewone skole afgeskaf. Dit was dan ook die einde van die stelsel van sektariese staatskole.

b. Die noodsaaklikheid van verpligte Onderwys:

'n Probleem wat herhaaldelik geopper is, is die van verpligte onderwys. Hierdie saak is in 1926 deur die Uitvoerende Komitee bespreek, maar uitgestel. (4) In 1927 is dit weer bespreek. Die Uitvoerende komitee het 'n konsep ordinansie voor hulle gehad waarin voorsiening gemaak is vir die uitbreiding van die beginsel van verpligte onderwys sodat dit Kleurlinge ook sou insluit. Die seksie waarin hierdie voorsiening gemaak is, is egter verwerp. (5) Tog het inspekteurs in hulle verslae bly melding maak van die feit dat die skoolbesoek van die Kleurlingkinders onbevredigend was omdat dit nie verpligtend was nie. (6)

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1923; 140.

(2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1925; 101.

(3) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 10.

(4) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1926; 27.

(5) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1927; 20.

(6) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1931; 60.

c. 'n Offisiële taal vervang die Indiërtale as
voertaal.

In die Tamil Vedic-skool, Pretoria, is Tamil as voertaal gebruik by die onderwys van hierdie vak (1) en die Hindoe godsdiens. In Johannesburg is Gujerati as voertaal in die laerklasse (2) gebruik en Engels in die hoërklasse. (3)

Op grond van die brief wat Motan van die sekretaris van die Witwatersrand-sentrale skoolraad ontvang het by die stigting van die skool, (4) het hy beweer dat die Provinsiale Administrasie die invoering van Gujerati in Indiër-staatskole goedgekeur het as 'n taal en ook as voertaal. Ook het hy beweer dat die genoemde brief spesiale behandeling aan Gujerati toegesê het en dat aan ander Indiër-moedertale nie dieselfde behandeling toegesê kon word nie. (5)

Kichlu het sy standpunt teenoor die voertaal soos volg gestel: "The primary education of a country can only be organised on the basis of the official language or languages of the country concerned and not on the basis of the languages, supposed or real of the country or countries from which the persons living in the country originally came". (6)

Kort nadat Kichlu sy memorandum ingehandig het is die Indiërtale ook as voertaal afgeskaf.

'n Paar blanke hoofde van Indiërskole in uitsluitlik Afrikaanssprekende omgewings het Afrikaans as voertaal ingevoer. Die hoof van Vereeniging het baie goeie vordering gerapporteer nadat Afrikaans as voertaal vir 'n aantal jare ingevoer is.

Die Indiërs is egter teen Afrikaans as voertaal. Van die offisiële tale gee hulle beslis voorkeur aan Engels en die volgende is argumente wat aangevoer word:

- (1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 6.
- (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1916; 54.
- (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1920; 89.
- (4) Bylae V; 351.
- (5) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 29-30.
- (6) t.a.p.: 28.

- (1) Afrikaans as voertaal verswak die leerlinge se kennis van Engels.
- (2) Engels is nodig vir handelsdoeleindes.
- (3) Vir die latere studie van die wetenskappe is Engels wenslik.
- (4) Indiërs kan nie na Afrikaanse universiteite gaan nie.
- (5) Daar is geen middelbare skole vir Indiërs waar Afrikaans die voertaal is nie.
- (6) Afrikaans kan die Indiërs nie help by 'n studie van wet en medisyne nie.
- (7) Onderwysers wat in Afrikaans opgelei is kan alleen in Suid-Afrika onderwys gee.
- (8) Omdat Afrikaans alleen waarde het vir plaaslike gebruik moet dit die tweede offisiële taal bly. (1)

As die meerderheid van die leerlinge wat nooit verder as die laerskool gaan nie, voordeel kan trek uit Afrikaans as voertaal, dan is dit tog onregverdig as hulle moet ly terwille van die klein aantal wat verder studeer.

5. DIE GEBRUIK VAN ONBEVREDIGENDE SKOOLGEBOU.

Skoolgeboue is as 'n reël deur die Indiërgemeenskap verskaf. In die meeste gevalle het die geboue behoort aan 'n vereniging wat/deel of onder-deel van die Indiërgemeenskap verteenwoordig het. Dit het egter geblyk dat hierdie sektariese liggame, omdat hulle die geboue verskaf het, sekere voorregte en 'n oorheersende stem in die administrasie van die skool gehad het. 'n Gesonder procedure sou wees as so 'n gebou aan die administrasie oorhandig word sonder dat 'n sektariese liggaam die geleentheid kry om kontrôle uit te oefen. (2)

Die geboue waarin die leerlinge gehuisves is, was oor die algemeen ondoeltreffend en in 'n onbevredigende toestand. Die huur wat die departement betaal het was ook te hoog vir die waarde van die geboue. (3)

6. DIE ONDERWYSKOMMISSIE, 1928 EN K.P.KICHLU SE MEMORANDUM.

Teen die einde van 1928 het die Uitvoerende Komitee 'n departementele kommissie benoem om die onderwys van

- (1) Transvaal Indian Congress: Statement. 24.11.37, vgl. Indian Views. 9.7.37.
- (2) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 15-16.
- (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1926; 27.

Kleurlinge te ondersoek en daarvoor verslag te doen. Die opdrag aan hierdie kommissie word in die volgende punte vervat:-

- (1) Grade en klasse van skole en leergange wat daarin gevolg moet word.
- (2) Skoolakkomodasie.
- (3) Of sodanige skole moet dien vir Kleurlingkinders sowel as kinders van Indiërs. Moelikhede van voertaal en godsdiensoonderrig.
- (4) Skoolkommissie^s.
- (5) Opleiding van en toekening van sertifikate aan onderwysers.
- (6) Salarisskale en diensvoorwaardes.
- (7) Indeling van personeel en kwalifikasies vereis vir verskillende graad poste.
- (8) Verpligte onderwys.

Die Direkteur het belowe om 'n kort samevatting van die gevolgtrekkings en aanbevelings van die komitee in sy verslag vir 1929 te plaas. ⁽¹⁾ Die enigste wat ons egter in die verslag van 1929 vind is net 'n vermelding dat die kommissie verslag gedoen het en dat die aanbevelings die onderwys van Kleurlingkinders voordelig sal beïnvloed, dat hulle vroeër of later toegepas sal moet word en hoe gouer hoe beter. ⁽²⁾ Die departement weier egter om die inhoud van hierdie verslag te openbaar. ⁽³⁾

Indiër-onderwys in Transvaal was die onderwerp van 'n ondersoek van K.P. Kichlu, 'n opvoedkundige uit Indië wat Transvaal in 1928 besoek het. Sy memorandum het heel-⁽⁴⁾ wat gebreke ontbloot en waardevolle aanbevelings gegee.

-
- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1928; 10-11.
 - (2) Transvaal; Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1929; 10-11.
 - (3) Malherbe: Handbook of Education and Social work in S.Africa; 107.
 - (4) t.a.p.: 108.

7. DIE BESONDERE MAGTE VAN SEKTARIESE LIGGAME WAT DIE WERK VAN GEWONE SKOOLKOMITEES VERRIG HET.

Alhoewel daar verskillende komitees bestaan het wat die verskillende skole beheer het, was daar nie een behoorlik gekonstitueerde en verteenwoordigende skoolkomitee nie. Die sekretaris van die Pretoriase skoolraad het erken dat die "Islamic society" nie 'n wettig gekonstitueerde skoolkomitee is nie, maar aangesien hulle die eienaars van die skoolgebou was, is hulle aanbevelings oorweeg. Dieselfde het gegeld vir die Tamil Vedic-skool waar die "Tamil League" in beheer was.

Die sekretaris van die Witwatersrand-sentrale skoolraad het in 'n brief van 14 Junie 1928 daarop gewys dat die Onderwyswette geen voorsiening maak vir skoolkomitees in nie-blanke skole nie. Ook het hy verduidelik dat die komitee wat by die Johannesburgse Indiërskool opgetree het, 'n vrywillige en privaat liggaam was en dat sy Raad geen outoriteit het oor die konstitusie- en verkiesing van hierdie liggaam nie. Tenslotte het hy verduidelik: "It is represented by Mr. Habib Motan of 2 Kerk Street, Johannesburg, and its recommendations and suggestions are always given careful consideration by my Board."⁽¹⁾

Geen wonder dus dat daar ontevredenheid onder die ouers was nie en dat daar soveel onbekwame onderwysers in die diens was nie.⁽²⁾

Hierdie komitees, wat in geen geval die ouers as 'n geheel verteenwoordig het nie, het besonder belangrike magte gehad. In een geval het die inspekteurs ^{her}gehaaldelik gerapporteer oor die onbevoegtheid van 'n sekere hoof. Toe die skoolraad gevra is watter stappe gedoen is, het die sekretaris ge-antwoord: "The Chairman of the Islamic Society assures the Board that the Community are highly pleased with the progress of the school in the religion and mother-tongue of the pupils under the guidance of the

(1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 17-21.

(2) t. an. : 22-23.

principal-, and that they donot desire any change!" (1)

Die feit bly dat Kleurling (Indiër)- skole geen
 behoorlike skoolkomitees het nie, (2) en daarom het die
 onderwyskommissie van 1938 die instelling van ouerrade
 aanbeveel. (3)

8. SAMEVATTING.

Op aandrang van die Indiërs is 'n aparte skool in Johannesburg in 1913 vir hulle in die lewe geroep. Later het skole in Pretoria en in die groter dorpe gevolg. In 1931 was daar reeds 15 skole met 1637 leerlinge. Die skole was egter een graad laer as die ooreenkomstige blanke skole gegradeer. Die skoolgeboue was baie ondoeltreffend.

Alhoewel hierdie skole van die begin af staatskole was, was hulle tog ook in alle opsigte sektariese skole. Dit is bewys deur die voertaal, die vakke wat hulle toegelaat is om in die leerplan in te sluit en die kwalifikasies van die onderwysers, wat op aanbeveling van die verskillende sektariese komitees, aangestel is.

Opleidingsklasse is ook in hierdie periode aan die Vrededorpse Kleurlingskool ingestel. Onderwysers het die Kaapse eksamens geskrywe maar aan die suksesvolle kandidate is die Transvaalse derde klas sertifikaat vir Kleurlinge toegeken. Die grootste meerderheid van die onderwysers het egter nog geen noemenswaardige kwalifikasie besit nie.

Verskillende salarisskale is ingestel, onderwysers kon vaste aanstellings kry en hulle kon ook aan die pensioenskema deelneem. Omdat daar 'n tekort aan Indiër- onderwysers was is blanke onderwysers ook in hierdie skole aangestel.

(1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Transvaal; 24-25.

(2) Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936; 159.

(3) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939-231.

Aan die einde van hierdie periode is alle vakke afgeskaf wat nie in die departementele kode ingesluit is nie. Ook is die Indiërtaal as voertaal vervang deur 'n offisiële taal, veral Engels. Hiermee het die skole dan ook grootliks hulle sektariese karakter verloor, maar aan die samestelling van die beherende komitees is nog niks gedoen nie.
